DIE VOORTREFLIKHEID VAN JESUS CHRISTUS

Dr. Jean Strydom
NG Nelspruit Suid
2021 (Lydensweke)

Inhoudsopgawe

1. **Heb. 1:1-14** **Jesus is nie sommer net enige iemand nie!**
2. **Heb. 2:1-4** **Gryp vas met alles in jou**
3. **Heb. 2:5-18** **Jesus ons Leidsman tot saligheid**
4. **Heb. 3:1-19** **Jesus, Moses en rus**
5. **Heb. 4:1-8** **God se rus**
6. **Heb.4:14-5:14** **Jesus ons groot Hoëpriester**
7. **Heb. 10:36-11:39** **Geloof**
8. **Heb. 12:1-3** **Hou jou oë op Jesus**

Heb. 1:1-14

Jesus is nie sommer net enige iemand nie!

In hierdie hoofstuk wil die skrywer vir ons, sy lesers deeglik bewus maak van wie Jesus is. Dat Hy iemand besonders is. Hy lê in die hoofstuk die fondament van wat verder in sy skrywe volg. Dit was vir hom belangrik dat ons eers sal verstaan wie en wat Jesus is. Wat Jesus se posisie was en is. Stadig maar seker is hy besig om Jesus as die Verlosser voor te stel sodat ons as lesers in verwondering sal staan voor wie Jesus is. Dat ek en jy Hom sal aanbid.

Studievrae:

1. Wat staan vir jou uit in die gedeelte?
2. Gesels oor die feit dat God graag met ons wil kommunikeer...
    a. Is ons gewillig om altyd te luister?
    b. Gesels oor die wyse waarop God deur die profete gekommunikeer het en of dit werklik ‘n impak op die volke / mense gehad het?
    c. Op watter wyse het God nog gekommunikeer voordat Jesus na die wêreld gestuur is?
3. Gesels oor die wyse waarop God met die wêreld gekommunikeer het deur Sy Seun, Jesus Christus
    a. Hoe het die skares destyds gereageer op Jesus se boodskap?
    b. Wat dink jy wou God deur Jesus Christus aan die wêreld kommunikeer?
4. Jesus was ‘n besondere persoon. Nie net ‘n mens nie, maar ook waarlik God. In hierdie teksgedeelte kan ons duidelik sien wie Jesus was. Nie sommer net nog iemand wat gebore is nie. Hy het ‘n groot roeping oor Sy lewe gehad.

a. In Jes. 9:5 staan daar in die oorspronklike teks: “Vir ons is ‘n Kind gebore; aan ons is ‘n Seun gegee...”. Lees hierdie vers baie mooi en bespreek die verskil tussen Kind gebore en Seun gegee.
b. Lees ook Jes. 9:5-6 en sien raak wie hierdie Jesus Christus deur wie God gekommunikeer het werklik was en sal wees. Gesels daaroor.

5. Die Hebreër-skrywer beskryf ook Jesus vir ons as ‘n besondere Mens. Lees elkeen van hierdie eienskappe en vra vir jouself wat elkeen vir my persoonlik beteken:
    a. Die wêreld is deur Hom geskep
    b. Hy is erfgenaam van alles gemaak
    c. Uit Hom straal die heerlikheid van God
    d. Hy is die ewebeeld van die wese van God
    e. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand
    f. Hy het die reiniging van die sondes bewerkstellig
    g. Hy sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel
    h. Hy is verhewe bo die engele
    i. Al die engele van God moet Hom aanbid
6. In vers 8 lees ons reeds iets van Jesus se heerskappy oor die wêreld: “U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied.”
    a. Sien en ervaar jy iets van Jesus se heerskappy vandag?
7. In hierdie wêreld word ons blootgestel aan verganklikheid. Ons voel dit daagliks aan ons lywe. Ons word ook op daaglikse basis blootgestel aan veranderinge en dit noop ons om daarby aan te pas. Die teendeel sien ons in vers 11: “Die dinge sal verbygaan, maar U bly bestaan” en vers 12: “Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie”. Hoe laat dit jou voel?
8. Die idee van hoofstuk een is dat jy rustiger sal lewe omdat jy weet dat Jesus, jou Verlosser leef en ewig regeer. Watter verskil gaan hierdie kennis in jou week en lewe maak?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 2:1-4 Gryp vas met alles in jou

Soms moet jy vashou met alles in jou...vashou vir lewe en dood. Dit is wat die skrywer van ons vra. Hierdie boodskap en getuienis van Jesus is so belangrik dat ons vir lewe en dood daaraan moet vasgryp. Dit laat my dink aan Paulus se woorde in Fil. 1:21 "...want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins". Christus is alles, vir my lewe nou en hierna.

Studievrae:

1. Die skrywer vra dat ons kragtig sal vasgryp aan wat ons gehoor het. Gesels kortliks wat jy gehoor het van Jesus en waaraan jy onverbeterlik vasgryp aangaande Hom.
2. Die skrywer vra tereg in vers 3: "hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het?"
    a. Hoekom dink jy verontagsaam mense vandag hierdie boodskap?
    b. Wat is dit wat mense afstoot van Christenskap?
    c. Wat is volgens jou die gevolge / uiteinde, as jy nie hierdie Boodskap en getuienis aanvaar nie?
3. Die skrywer bevestig dat hierdie boodskap/saligheid op verskeie wyses na mense gekom het. Lees weer vers 3-4 en kyk na die volgende vrae.
    a. Wat dink jy bedoel die skrywer as hy sê dat die saligheid deur die Here verkondig is, deur wie dit sy oorsprong het?
    b. Tot watter mate speel ander mense en jou voorouers 'n rol in die aanvanklike bekendstelling aan die Evangelie en die ontwikkeling daarvan in jou lewe? Die skrywer praat van "en aan ons bevestig deur die wat dit gehoor het".
    c. God die almagtige skepper van die Heelal en van elke mens getuig ook saam aan hierdie Verlossingsboodskap. Hy doen dit op die volgende wyses:

i. Tekens
ii. Wonders
iii. Allerhande kragtige dade
iv. Gawes van die Heilige Gees

d. Gesels oor bogenoemde 4 tekens waardeur God saam getuig. Brei bietjie uit oor elkeen binne julle groep.

4. Dalk besef jy vandag dat hierdie Verlossingsboodskap nie sommer net enige boodskap is nie. Hier is groot waarde daarin. Daar is verlossing daarin. Hoe kan jy nog kragtiger aan hierdie boodskap vasgryp?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 2:5-18 Jesus ons Leidsman tot saligheid

Het iemand al vir jou ingestaan vir iets in die lewe? Waar jy dalk die skuld moes kry, in jou plek die skuld gevat? Waar jy die moeilike opdrag moes uitvoer, dit in jou plek gedoen het? Dit vul ‘n mens se gemoed met dankbaarheid en laat jou met ander oë na daardie persoon kyk. Dit is presies wat God deur Jesus vir jou gedoen het. Waar jy die swaar las moes dra vir jou sonde, het Jesus in jou plek dit kom dra. Die skrywer wil dit aan my en jou baie duidelik maak dat iemand in jou plek die stryd gestry het, maar meer nog, dat Hy oorwin het en jy vandag deel het aan daardie oorwinning. Kom ons kyk in hierdie studie na die wonderlike voorreg wat ons te beurt geval het.

Studievrae:

1. Die skrywer haal aan uit Ps. 8:5-7. Hy praat oor die besondersheid van die mens. Hy praat oor ek en jy wat spesiaal gemaak is en dat alles aan ons onderwerp is.
    a. Niks is uitgesluit by die onderwerping nie. Alles is aan ons onderwerp. Wat dink jy bedoel die skrywer dat ons nog nie sien dat alles aan ons onderwerp is nie?
    b. Gesels met mekaar oor die beginsel van *alles aan jou onderwerp is*, voor jou verlossing en nadat Jesus jou vrygemaak het. Spesifiek in terme van geestelike oorlogvoering en jou persoonlike stryd met die duiwel.
2. In ons daaglikse stryd om heerskappy te voer kom vestig die skrywer ons aandag op Jesus se besondere rol om die stryd om onderwerping te verander na ‘n oorwinningstryd. Die skrywer beeld Jesus op ‘n besondere wyse uit. Kom ons kyk na die verskillende aspekte daarvan.
    a. Jesus is met eer en heerlikheid gekroon. Hoekom dink jy sê die skrywer dit? Kyk spesifiek na vers 9.

b. Hoe kan Jesus met eer en heerlikheid gekroon wees op grond van Sy lyding en dood?
c. Hoekom dink jy praat die skrywer van “deur die genade van God vir almal sou sterwe”? Hoekom dink jy gebruik hy die woord genade binne daardie sin?

3. Vers 10 praat daarvan dat Jesus ons Leidsman tot die verlossing is. Wat bedoel die skrywer daarmee?
4. Die verlossing wat Jesus bewerkstellig het was nie goedkoop nie. Dit was ‘n duur prys. Hy gebruik die woorde aan die einde van vers 10: “deur lyding heen tot volmaaktheid”. Gesels met mekaar hieroor. Wat dink jy bedoel hy met volmaaktheid?
5. Lees vers 11. Hoe laat dit jou voel dat jy en Jesus almal uit een Vader is?
6. Lees vers 14-16. Wat staan vir jou uit in hierdie verse? Hoe voel dit om te weet dat Jesus die duiwel vernietig het? Tot watter mate het die duiwel heerskappy oor jou lewe? Is dit reg dat hy heerskappy het? Kan hy heerskappy hê oor iemand wat aan Christus behoort?
7. Gesels oor die feit dat Jesus in elke opsig aan die mens gelyk moes word. Hoekom moes Hy?
8. Wat bedoel die skrywer met barmhartige en getroue hoëpriester voor God?
9. Watter troos bied vers 18 vir jou?

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 3:1-19 Jesus, Moses en rus

Soos daar in hoofstuk 1 en gedeeltelik in hoofstuk 2 'n vergelyking gemaak is tussen die Seun en die engele, word in hierdie gedeelte 'n vergelyking gemaak tussen die Seun en die beroemde geloofsvader van die Jode, Moses. Uit die betoog word dit duidelik dat die Seun groter is as die hoogaangeskrewe Moses. In 3:7-19 gebruik die skrywer 'n aanhaling uit die Ou Testament om die dae van Moses en die volk van God in die woestyn te vergelyk met die nou, die nuwe bedeling van Christus. Deur ongeloof in God, deur opstand teen Hom, het die Israeliete God se belofte van die Beloofde Land Kanaän versmaai en is gevolglik daarvoor gestraf. Die gemeente van Hebreërs en die Kerk van die Nuwe Testament, is besig met 'n nuwe eksodus onder leiding van die Seun van God. Iemand wat hierdie belofte van sy Koninkryk gaan versmaai, gaan swaar gestraf word. Die lesers moet onthou dat Christus nie 'n dienskneg soos Moses is nie, maar die eie Seun van God.

Studievrae:

1. Ons is vir die Here afgesonder (3:1). Letterlik staan daar: “Daarom, broers wat heilig is...”. Om heilig te wees beteken nie om volmaak te wees nie. Wat beteken dit om heilig te wees? (vgl. 2:11)
2. Ons is deelgenote van die hemelse roeping. Die Griekse woord vir deelgenote is kamerade of metgeselle. Ons is dus metgeselle van die hemelse roeping. Wat is die hemelse roeping? (Lees: Heb. 9:15; 11:14,16; 12:22; Fil.3:14; Matt. 28:19-20 en 2 Kor. 3:5-6).
3. Hoekom dink jy is Jesus ‘n groter waardigheid geag as Moses?
4. Wat dink jy skeep ons die meeste vandag af, Jesus se menswees of Sy Goddelikheid?
5. Gesels oor vers 6 as die skrywer sê dat Jesus getrou is oor die huis van God.

6. Watse implikasies het vers 13 vir mense wat sê hulle is Christene, maar hulle nie met die gemeente wil assosieer nie? Dink jy dit is makliker om afvallig te word van die Christelike geloof as jy nie aan ‘n gemeente behoort nie?
7. Wat beteken dit om in God se “rus” in te gaan? (Matt.11:28-30) Kan ons nog vandag God se rus ingaan en hoe kry ‘n mens dit reg?
8. Wanneer die skrywer van die lewende God praat (v12), stel hy 'n ongelooflik belangrike saak aan die orde. Die woord lewend beteken God is 'n energieke, dinamiese God, wat is wat Hy is, die bron van die lewe. Wie afvallig word draai daarom nie maar sy rug op geloof of godsdiens nie, maar op die lewe self. Wat is ons verantwoordelikheid teenoor 'n afvallige lidmaat? Hoe kan ons as gemeente of jy en jou Bybelstudiegroep of gesin vers 13 prakties maak?
9. Die woorde vandag in vers 7 en 13 is uiters belangrik. Lees die twee verse en verduidelik wat jy onder vandag verstaan.

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 4:1-8 God se rus

In hierdie gedeelte beklemtoon die skrywer twee sake: In die eerste plek moet die lesers weet dat daar steeds 'n Sabbatsrus vir God se volk is. In die tweede plek bly die eis van gehoorsaamheid aan die Here steeds van krag. Indien iemand ongehoorsaam is aan die Woord van die Here, kan hy/sy nie die rus ingaan nie. In vers 1-3 val die klem op hoor en geloof. Die blote hoor van die evangelie is nie genoeg nie. Jy moet glo wat jy hoor. Natuurlik beteken dit Bybellees, Bybelstudie, eredienste bywoon ensovoorts, maar dit kan steeds beteken dat jy nie God se rus ingaan nie. Waarom nie? Omdat geloof beteken dat jy moet glo wat God in die Woord geskryf het en dit moet doen. Alleen so sal jy nie “agterbly” nie.

Vers 4-9 handel oor God se rus. In hierdie gedeelte bewys die skrywer dat die rus van God nie iets is wat met die skepping afgehandel is of selfs tydens die beloofde land Kanaän nie. Daar is vir God se kinders 'n verdere rus wat voorlê en dit is die ewige toekoms by die Here. Wanneer ek en Christus een word deur die geloof, begin my rus. Dan begin ek iets van God se vrede ervaar. Hierdie vrede is egter eers in die hiernamaals volmaak. Wat God in sy Woord vra, moet jy “vandag” doen. Daardie selfde dag wat God jou tot die besef bring dat jy verkeerd gedoen het, moet jy tot inkeer kom en regmaak met die Here.

Studievrae:

1. Waarteen waarsku die skrywer die lesers deur die storie van die Israeliete in die woestyn te gebruik?
2. Hoekom is dit nie genoeg om net te “hoor” nie?
3. God se rus dra verskillende betekenisse in die Bybel. Dit beteken die volgende:

a. God se rus op die sewende dag na die skepping (Gen.2:2);
b. Die belofte van die beloofde land Kanaän (Deut.12:18-12; Psalm 95);
c. Die vrede met God op grond van ons geloof in Jesus Christus (Matt.11:28);
d. Ons ewige lewe saam met Jesus Christus;

4. Hoe verkry ons die “rus” waarvan die hele hoofstuk getuig?
5. Watter verskil is daar om God se rus in te gaan en daarvoor te werk?
6. Wat kan jy doen wat jou kan help om dié rus te verkry (Matt.11:28-30; Joh.6:27-29)?
7. Wat is die duidelikste bewys in jou lewe dat jy reeds God se rus ingegaan het?
8. Die Woord speel natuurlik ‘n belangrike rol in die verkryging van rus. In vers 12 word daar spesifieke eienskappe toegeken aan die Woord. Identifiseer hierdie eienskappe en gesels daaroor?
9. Hoe laat die twee sake, naamlik dat niks vir God onsigbaar is en dat ons eendag rekenskap moet gee jou voel?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb.4:14-10:31 Jesus ons groot Hoëpriester

Elkeen van ons het al gedroom om ‘n spesifieke persoon in lewende lywe te ontmoet. Ek onthou nog die dag toe ek en iemand daaroor gesels het. Tydens die gesprek het ek agtergekom dat die persoon wat ek so graag wil ontmoet en een van my vriende familie is. Nodeloos om te sê dat ek deur my vriend eventueel daardie persoon ontmoet het. My vriend was dus eintlik net die tussenganger tussen my en daardie persoon. So vertel die Hebreër skrywer ook dat Jesus ons tussenganger is. Hy staan tussen ons en God. Hy is die een wat vir ons intree by God. Hy is die skakel na God toe.

Die tweede hoofdeel van Hebreërs strek van 4:14-10:31. Hierdie gedeelte handel oor Jesus Christus ons Hoëpriester. Die woord ‘Hoëpriester’ het tot nou toe slegs twee keer voorgekom (2:17; 3:1). In hierdie hoofdeel verskyn dit altesaam veertien keer. In die vorige deel is beskryf hoe Jesus God na ons toe gebring het. Nou gaan aan ons verduidelik word hoe Jesus ons na God toe bring.

Die woordjie ‘hoëpriester’ beteken letterlik in Latyn: Brugbouer. Jesus Christus is ons Brugbouer. Hy het 'n brug van God af na ons geword deurdat Hy God aan ons bekend gemaak het. Deur sy offer en intrede voor God het Hy weer 'n brug van ons af na God toe geword. Daarom lees ons dat Christus as ons Hoëpriester reeds deur die hemele gegaan het. Ter wille van ons verskyn Hy nou voor God.

Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie. Die Griekse woord vir “medelye hê” hou verband met ons woord simpatie (sumpatheõ). Medelye beteken om jou so in te leef in ander se lyding dat jy saam met hulle seerkry. Ons Hoëpriester Jesus, moes saam met ons voel (vgl. Joh.11:33-38). Hierdie swakhede beteken iets anders as sonde. Dit gaan oor ons swakheid om teen die sonde weerstand te bied (vgl. Rom. 5:6). Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp (15). Dit is waarom

ons Hoëpriester voluit saam met ons kan voel. Hy is self versoek – in elke opsig, net soos ons.

- Hoe laat dit jou voel om te weet dat Jesus ook versoek is, maar oorwin het?
- Watter verskil maak bogenoemde inligting in jou lewe?

Onder die ou bedeling het die hoëpriester een maal per jaar die heiligdom ingegaan vir die versoening van die volk se sondes deur offers te bring.

- Hoe het Jesus die vergewing van sondes verander? (Lees vers 11-14).
- Ons het heeltemal te gewoond geraak aan vergewing van sondes. Daarom rol die "vergewe asseblief" so maklik oor ons lippe. Wat dink jy van hierdie stelling? Indien dit waar is, wat moet ons doen om dit te vermy?

Hoofstuk 5:1-10 vertel vir ons van die rol van 'n Hoëpriester.

- Lees die gedeelte en gesels oor Jesus se besonderse rol as Hoëpriester.

Die Hebreër skrywer skryf egter nie net in een hoofstuk oor die rol van Christus as hoëpriester nie, maar dit is vervleg in verskeie ander hoofstukke ook. Ons sien verder uit die brief dat Jesus ook die Hoëpriester is van 'n nuwe beter verbond (8:1-13).

- Wat dink jy bedoel die skrywer by 8:6?
- Die ou verbond verskil redelik van die nuwe verbond. Kyk veral na 8:10-12 en gesels daaroor?

In hoofstuk 9:12-22 praat die skrywer van Jesus Christus as die volkome offer. In die ou bedeling moes die priester jaarliks in die Allerheiligste ingaan om namens die hele volk 'n offer te bring, maar Jesus se offer was genoeg, daarna was dit onnodig om jaarliks 'n offer in die Allerheiligste te bring. Die brug is gebou / herstel tussen God en mens.

- Gesels oor 9:11-14 en 24b-28
- Watter waarde is daar in hierdie verse vir jou lewe vorentoe?

Die gevolg van Jesus Christus se volmaakte offer is dat ons nou vrye toegang het tot die Vader. Die voorhangsel na die Allerheiligste het geskeur met Jesus se kruisdood en daardeur het God ons direkte toegang tot Hom gegee. Wat ‘n voorreg!

- Lees 10:19-23 en gesels oor die effek van hierdie verse op jou lewe.

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 10:36-11:39 Geloof

Geloof is sekerlik een van die tema's waaroor daar al die meeste boeke geskryf is. Geloof kan natuurlik universeel wees, maar as die Hebreërskrywer na geloof verwys, dan gaan dit oor geloof in Jesus Christus. Dit gaan oor geloof in Jesus Christus wat verlossing vir jou bewerk het.

Ons kom nou by die derde hoofdeel van Hebreërs. Hier word die lidmate van die gemeente opgeroep om vas te byt. Dit is en bly die hoofdoel van Hebreërs. Al die hoofstukke het hierheen opgebou. In die vorige hoofdeel was Jesus ons Hoëpriester – nou is Hy ons Rolmodel, die Begin en Voleinder van ons geloof.

Die skrywer herinner die gemeente aan hulle mooi begin dae in die geloof. Hulle is beledig en bespot en moes baie ly, maar ten spyte daarvan was hulle optrede iets besonders. Voorts word die gemeente uitgedaag om nie die pragtige geloofsvertroue van hulle beginjare prys te gee nie. Hulle word aangespoor om te volhard. Hierdie volharding behels om die wil van God te doen.

Om soos die Hebreërgemeente met groot entoesiasme te begin en lyding dapper te verduur is een saak. Om daarmee vol te hou wanneer die eerste opgewondenheid wegkwyn, vra baie meer. Dit was die uitdaging vir die gemeente.

Hierdie aanmoediging gaan oor tot die loflied van hoofstuk 11 wanneer daar oor al die geloofshelde geskryf word. Hulle wat reeds die stryd gestry het en gelowig end-uit volhard het. Geloof en hoop speel 'n groot rol in die gedeelte. Ons kan ons geloof en hoop nooit van mekaar losmaak nie. Calvyn skryf die volgende hieroor: Die geloof is die fondament waarop die hoop rus; die hoop voed en ondersteun die geloof.....Deur die geloof voortdurend te vernuwe en te herstel laat die hoop dit elke keer weer sterker opstaan om tot aan die einde te volhard. Wanneer geloof en hoop twee karperde is wat saam moet trek, is volharding die resultaat. Geloof gee aan volharding sy spierkrag en hoop die motivering.

Studievrae:

1. Gesels bietjie oor die lyding wat hierdie gelowiges moes deurmaak en die lyding waaraan ons vandag blootgestel is.
2. Wat het gemaak dat hulle kon staande bly in hierdie lyding?
3. Gesels oor die rol van “volharding” in ons geloofslewe.
4. Waarom verloor sommige gelowiges hulle sprankel en oortuiging in hulle geloofslewe?
5. Gesels oor die waarde van 10:38.
6. Ons is almal goed bekend met die definisie van geloof soos vervat in 11:1. Gesels bietjie in detail oor hierdie vers.
    a. Wat hoop ons?
    b. Hoe kan ons daarvan seker wees?
    c. Waarvan is ons oortuig?
7. Hoe bewys ‘n mens dat jy God vertrou?
8. Wat beloof God aan diegene wat op Hom vertrou?
9. Hoeveel emosie dink jy is in geloof betrokke of is daar nie emosie daarin nie?
10. Hoekom dink jy het die skrywer al die geloofshelde genoem in hoofstuk 11? Wat leer ons by hulle?
11. Watter een van hierdie geloofshelde staan vir jou uit en hoekom?
12. Is ons geloof gerig op die hede, verlede, toekoms of al drie en hoekom sê jy so?
13. Watter hedendaagse geloofshelde kan jy opnoem en wie inspireer jou?

Samevatting en Afsluiting

- ❖ Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- ❖ Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?

- ❖ Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake:

Heb. 12:1-3 Hou jou oë op Jesus

Hoofstuk 12:1-3 sluit by hoofstuk 11 aan. Die skrywer het tot nou klem gelê op die volharding in die geloof. Volgens hom het die gemeente van Hebreërs dit nodig. En om in hulle geloof te volhard, moet hulle die "groot skare geloofsgetuies" van hoofstuk 11 in die oog hou. Die beeld wat hy gebruik om dit tuis te bring is die van 'n atletiekbaan. In die Paulusbriewe word die sportbeeld as voorbeeld aangewend om mense aan te moedig om in 'n goeie lewe te volhard (1Kor.9:24-27; Fil.3:13-14; 1Tim.6:12; 2Tim.4:7-8). Die doelgerigtheid (Fil.3:13-14) en uithouvermoë van die ware atleet word gewoonlik op die voorgrond gestel. Veral laasgenoemde speel 'n groot rol in Hebreërs 12:1-3. Hebreërs se resep vir nie-geestelik-moeg-word en uitsak nie (3), bevat vier bestanddele:

♦ Ons moet inspirasie put uit die toeskouers op die paviljoene. Die geloofsgetuies van Hebreërs 11 word nou die groot skare rondom die stadion. Hulle ken die inspanning en deursettingsvermoë wat van jou gevra word.

♦ Ons moet elke las afgooi – ook die sonde (1). Geen atleet is so dom om met 'n yslike pakkasie aan 'n wedloop deel te neem nie. Onafgelegde sondes kniehalter ons in die lewenswedloop. Die skrywer het reeds vroeër verduidelik hoe ons van hierdie sonde gereinig kan word (1:3; 9:14; 10:22). Van die sonde word gesê dat dit ons so maklik "verstrik". Ons sou dit ook kon vertaal met: vasklou! Sonde is soos klitsgras: maklik om op te tel maar bitter moeilik om af te trek.

♦ Ons moet dink aan die wenpaal wat voorlê.

♦ Bo alles moet ons oog op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof, gevestig wees (2). Hier is ons weereens by die hart van Hebreërs. In ons lewe moet ons volledig op Jesus konsentreer. Die Griekse woord wat Jesus hier as Begin beskryf, kan vertaal word met Baanbreker. Hy is egter ook die Voleinder of

“Afronder” van ons geloof. Hy ondersteun ons deurgaans in ons geloofswedloop, sodat ons dit sal voltooi. Hy kan dit doen. Want ook Hy het reeds vir ons die wedloop voltooi. So is ons inderdaad atlete van en vir Christus.

Studievrae:

1. Wat is volgens jou die dinge wat ons geestelike wedloop kan benadeel?
2. Hoekom is dit so belangrik om elke las af te gooi binne die geloofswedloop? Watter verskil maak dit?
3. Tot watter mate verstrik die sonde ons?
4. Wat sou jy sê beteken dit om die wedloop met volharding te hardloop? Hoe kan ons mekaar hierin aanspoor?
5. Gesels bietjie oor die eerste gedeelte van 12:2
6. Wat behels dit om volledig op Jesus te konsentreer in ons lewe?
7. Wat beteken dit dat Jesus die begin en voleinder van ons geloof is?
8. Hoe identifiseer jy iemand wat geestelik moeg geword en uitgesak het?
9. Hoe kan ons mekaar bystaan en ondersteun sodat ons nie geestelik moeg word en uitsak nie?

Samevatting en Afsluiting

- Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
- Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
- Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Gebedsake: